

20 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 40:1-41:13

God se pad met ons is vervleg met die mense rondom ons

God is nog met Josef op pad na die doel wat Hy met hom wil bereik en dié pad word bepaal deur besluite wat mense neem. Nadat die skinker uit die tronk bevry is, het hy van Josef vergeet. Byna twee jaar lank ly Josef daaronder en moet hy in die tronk bly. Indien die skinker egter dadelik Josef se saak aan die Farao vertel het en dié hom uit die tronk gehaal en na Kanaän teruggestuur het, sou Josef nie onderkoning van Egipte geword het nie. Dan sou Josef se broers, asook Egipte en die hele wêreld van destyds, nie gered kon word nie. So word baie mense, wat nie eens van die drama in die tronk geweet het nie, se lewenspad bepaal deur die “vergeet” van die skinker. God se pad met ons is vervleg met die mense rondom ons.

Dit is ‘n pad wat deur hoop en wanhoop loop. Wanneer die skinker vrygelaat word, het Josef baie hoop om ook binnekort vry te wees. Hy verval egter weer in wanhoop as die skinker van hom vergeet. Ons ervaar God se troue liefde nie as sulks nie. Tog is Hy altyd by ons.

Christus was ook uitgelewer aan die besluite van mense. God se pad met Hom was vervleg met dit wat mense aan Hom gedoen het. Juis hierdeur het God sy raadsplan uitgevoer tot redding vir almal wat glo.

Sing: Psalm 33:5

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)